STRAATWERK



Somer 2014
Volume 46
Nr. 1

# Klein begin is groot gewin

Hy vra vir hulle: "Hoeveel brood het julle? Gaan kyk."

Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: Vyf, en twee visse." *(Markus 6:38)*

'n Eenvoudige antwoord vir 'n baie komplekse probleem. Daar was 'n skare honger mense en 'n seuntjie met vyf broodjies en twee vissies. Die dissipels was radeloos en moeg. Hulle het so pas teruggekeer van 'n uitputtende sendingreis, was voetseer, self honger en aan die einde van hulle kragte. Nou word hulle boonop gekonfronteer met 'n honger massa en word daar van hulle verwag om die skare te voed.

"Here," voer hulle aan, "moet dit nou regtig op ons agenda wees? Is daar nie 'n alternatief nie? Moet die mense nie maar van die bestaande kanale gebruik maak en op die dorpies en plase vir hulle iets te ete gaan koop nie? Here, stuur hulle tog net weg!".

Ons sou hulle argument verder kon voer, 'n mens moet tog realisties wees. Let op die werklikhede, die statistiek. Sien jy wat aangaan in ons eie land, in my eie omgewing sou jy kon byvoeg. Aan die een kant vyfduisend mans, as jy die vroue en kinders by tel tienduisend of vyftienduisend mense, byeen op 'n afgeleë plek. Aan die ander kant vyf broodjies en twee vissies, die skamele skenking van 'n opgeskote seuntjie. Die eenvoudigste bydrae van die kleinste onder die kleines.

Ek dink ons elkeen ken die magteloosheid en moedeloosheid van die dissipels en van onsself. Sal my eenvoudige bydrae 'n verskil maak? Sal dit die wa deur die drif trek?

Waaraan kan ons vir 2014 vashou uit hierdie wonderwerk? Wonderwerke begin nie altyd met engele wat uit die hemel neerdaal nie. Dit is meer dikwels daardie klein dingetjies, daardie belegging in iemand se lewe, wat die verskil maak.

Die wonderwerk gebeur nie net op een vlak nie. Jesus sien om na die basiese behoefte van hierdie mense, stil hulle honger. 'n Ander honger word ook gestil, 'n honger na die Lewende Brood. Wanneer Jesus die brood voor hulle oë breek, bied Hy ook Homself as gebroke, maar Lewende Woord aan hulle.

Oënskynlik terloops staan dit daar in vers 39 – "...die groot aantal mense wat in groepe op die groen gras gaan sit". Tot dusver het feitlik alles in die Markus evangelie binne die konteks van die woestyn afgespeel, wat vir Markus 'n simbool is van die wyse waarop die kerk in die wêreld is. Op weg en altyd ontuis. En hier eensklaps sit die mense op groen gras. Onthou jy Psalm 23?

Dit is 'n beeld van versadigde mense en 'n beeld van ware lewe – saam met God. En dit alles begin met vyf broodjies en twee vissies. Met 'n seuntjie wat sy bietjie na die Here toe bring. Klein begin is groot gewin. Dit het alles met my en jou bereidwilligheid te doen. En, in die eerste plek, met dit wat Jesus daaruit maak...

Groete van Fourie en almal by Straatwerk



> !
>
> Dit is meer dikwels daardie klein dingetjies, daardie belegging in iemand se lewe, wat die verskil maak.

BINNE

Aksie Immanuel in aksie ............................ /2
Bang, bang,bang ...... /4
Storte in die Bo-Kaap ............................ /4
Ons het 'n nuwe webblad ...................... /4

# Aksie Immanuel in aksie

Belinda Bekker

**God het ons nooit gevra om die wêreld te red nie – want Hy het dit reeds oorwin. Hy het ons gevra om te deel wat ons ontvang het – *DIE WAARHEID.***

*Johannes 8:32* "...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak..."

Die Aksie Immanuel-span van 2013 het bestaan uit sowat 30 vrywilligers tussen die ouderdomme van 11 en 70 jaar. Ons het almal saam by Straatwerk se hoofkantoor gebly, en ons het gefunksioneer as 'n geestelike familie onder een dak. As die liggaam van Christus het ons beweeg en asemgehaal as een. Ons is die geleentheid gegee om ons eie gejaagde wêreld vir 'n rukkie totsiens te wuif en om onder die leiding van die Here te fokus op ander mense se realiteite wat hulle daagliks in die gesig staar.

Ons het in verskillende spanne uitgereik op die strate van Kaapstad en Parow en onsself beskikbaar gemaak om te luister na die stories van mense wat graag met ons wou deel. Maar hoe vind 'n mens die regte woorde om deur te dring na die harte van gebroke mense wat so hard geword het?

*Psalm 34:19* – "Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses."

Daar was een ontmoeting wat ingeprent is in my gedagtes. Ek het 'n jong tienermeisie, wat betrokke is in prostitusie, op straat ontmoet. Ek het haar met ope arms omhels, en in plaas daarvan dat ons gesels het, het sy begin huil. Jare van swaarkry en hartseer het in die vorm van trane oor haar wange geloop. Toe haar warm trane by my rug afrol, het ek oor en oor gefluister: "God het jou lief ... God het jou lief ..."

Aksie Immanuel was 'n tyd van hande vat en uitreik na diegene wat gewoonlik ongesiens by ons verbygaan, mense waaraan ons nie eens tweemaal sou dink nie en maklik sou kon ignoreer.

**Dankie aan almal wat dit moontlik gemaak het.**





**Kerspartytjie**

*Die kinders van Heideveld het hope pret by hulle Kersfeespartytjie.*











**Ophelp partytjie**

*Links: Almal ontspan lekker onder die bome in De Waalpark vir Ophelp Projekte se jaareindfunksie. Regs: Straatwerk se Fourie Truter oorhandig 'n spesiale toekenning vir uitstaande werk in 2013 by Ophelp Projekte, aan Aubrey Dambusa.*






**Radio Tygerberg**

*Dit was 'n aand om te onthou by Radio Tygerberg 104fm toe van die Aksie Immanuel-spanlede hulle getuienisse deel.*





**Uitreikspanne**

*En hier gaan hulle – uitreikspanne, gewapen met yskoue mineraalwater, vaar die strate van Kaapstad in.*



**Vroue-fees**

*Vroue is bederf met geskenkbewyse van PEP Stores en kospakkies van CCFM! Dit was regtig Kersfees.*

Zoë
TRUST
It's amazing

# Bang, bang, bang...

**Lisa Truter**

*"Train your kids in the right way, because you will have to face whoever they become in the future."*

Met gemengde gevoelens het ek op Kersaand omstreeks 23:00 die telefoon neergesit. Die afgelope tien dae van Aksie Immanuel was so geseënd en ons het soveel heilige oomblikke, Goddelike afsprake en prettige partytjies beleef.

"Lisa, Romano* is geskiet. En sy neef Chadwin*. En Chantal*. Nou net." Jy kon my met 'n veer omtik. Dis tog immers Kersdag.

Romano het 'n jaar of wat gelede besluit om deel te word van die onderwêreld van dwelms en bendebedrywighede, maar ek sal altyd die 14-jarige seun onthou wat ons gehelp het om ons huisie in Badsberg Close op te knap voordat ons daar kon intrek, 'n ouer Romano wat altyd ons Quantum bussie wou was vir sakgeld en toe die onlangse Romano wat rondskarrel om dwelms op die regte plek en tyd af te lewer. En nou is Romano op 19-jarige ouderdom dood.

Chadwin het ek net so van sien geken, maar ook hy is té vroeg dood. Hy was maar 23.

Chantal is deel van die Monique-groepie, 'n ondersteuningsgroep vir tienermeisies by ons huis in Badsberg Close. Chantal is nou 17 jaar oud, maar sy moes vyf jaar gelede toekyk hoe haar pa koelbloedig doodgeskiet word. Dieselfde man wat verantwoordelik was vir haar pa se dood het ook die sneller getrek om haar dood te maak, maar Chantal se lewe is gespaar. In haar grootste oomblik van nood het sy uitgeroep na die Here en binne sekondes het 'n "groot wit lig" haar omgestamp, sodat die koeël haar net skrams getref het.

Hierdie gebeure op Kersaand het my laat dink aan die lied van Tracy Chapman: *Bang Bang Bang*. Hier is 'n paar grepe uit die lied:

*What you go and do*
*You go and give the boy a gun*

*Now there ain't no place to run to*
*Ain't no place to run...*


*And if he finds himself to be*
*A reflection of us all*
*Bang bang bang*
*He'll shoot us down*

Ek wens die lied was nie waar nie, en ek wonder vir hoe lank gaan ons dit aan ons kinders bly doen (vir die hele lied gaan na: http://youtu.be/TqU3nQkkpxM).

**skuilname is gebruik*

# Storte in die Bo-Kaap

Ophelp Projekte se depot in die Bo-Kaap lewer die diens van 'n gratis stort vir wie ookal 'n behoefte daarna het. Net in November alleen het 123 verskillende persone van hierdie fasiliteit gebruik gemaak en daar is altesaam 1 957 keer gestort. In Desember het 207 verskillende persone van hierdie fasiliteit gebruik gemaak en daar is 715 keer gestort.



Ons behoeftes by die storte:

- gebruikte (tweedehandse) handdoeke;
- seep; en
- waslappe.




## Ons het 'n nuwe webblad

Na maande se werk het ons webblad 'n splinternuwe baadjie gekry. Ons het dit makliker gemaak vir besoekers aan ons webwerf om inligting te bekom en deel te neem aan wat ons doen en waarvoor ons staan.

Gaan kyk gerus – ons vertrou jy sal jou kuier geniet. Ons adres is dieselfde as voorheen:

www.straatwerk.org.za

**STRAATWERK** – *Die liggaam van Christus in Aksie*
Posbus 910, Parow 7499 • Tel: +27 21 9308055 • Faks: +27 21 9307690
www.straatwerk.org.za • E-pos: admin@straatwerk.org.za
Registrasienr.: NPO 003276
ABSA takkode: 632 005 • ABSA rekeningnr.: 450800457